SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS & GAME CONSERVATION ASSOCIATION
Tel: +27 (0) 12 808-9300 • Faks / Fax: +27 (0) 12 808-9344 • E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za • Posbus / PO Box 1952 Montana Park, Pretoria, South Africa, 0159

## SAJWV LIGA SKIETKOMPETISIES
## SKIETOEFENING VIR DIE UITDAAG SPANSKIETKOMPETISIE

Hierdie saamgestelde skietoefening word gebruik vir die UITDAAG Spanskietkompetisie op streekvlak en bestaan uit twee skietoefeninge naamlik 'n Rooibok met rus en die Vlakvark skietoefening sonder kaliberbeperking (enige senterslag).

### SKIETOEFENING 1: ROOIBOK MET RUS

**1. Teiken**

Die Rooibokteiken van die SAJWV sal gebruik word. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

**2. Universele reëls by skietoefeninge**

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.09A - vir beskrywing van algemene (universele) items

**3. Skietbaan Veiligheidsreëls en Standaardbevele**

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

**4. Gewere en kalibers**

Geen beperking op gewere en enige senterslag kaliber kan gebruik word.

**5. Visiere of teleskope**

Teleskope se vergroting word tot 'n maksimum van **12x** beperk vir die hele skietoefening (9 skote) en mag nie tussen skote en/of oefeninge op groter as 12x vergroting gestel word nie – om bv. te dien as "spotting scope" is nie toelaatbaar nie.

**6. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by Skiet-oefeninge)**

- **6.1** Vanaf **200m** word **3 skote** in **120 sekondes** vanuit die lê posisie met beperkte ondersteuning voor en agter (verwys na item 18.1.3).
- **6.2** Vanaf **100m** word **3 skote** in **120 sekondes** vanuit die sitposisie met vrye ondersteuning geskiet (verwys na item 18.2.3).
- **6.3** Vanaf **50m** word **3 skote** in 60 sekondes vanuit die vryhand staanposisie geskiet (verwys na item 18.4.1)

**7. Erkenning**

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **27, 36 en 42** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **45** punte.




Teiken werklike grootte: W x H = 750 x 1000m

| Teiken Areas | W x H mm | Area cm$^2$ | vs Hart |
|---|---|---|---|
| Hart: | 96 x 102 | 76 | -- |
| V-hart: | 57 dia | 25 | 33 % |
| Sentrale hart/long: | 173 x 177 | 272 | 350% |
| Groter long/rugwerwel: | 235 x 226 | 512 | 670% |

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op 'n afstand sigbaar is nie.

## SKIETOEFENING 2: DIE VLAKVARK

**1. Teiken**
'n Vlakvarkteiken word vir hierdie oefening gebruik. Vlakvarkteikens waarvan die vlakvark in 'n ander posisie staan en wat deur die Skietkomitee goedgekeur is, kan ook gebruik word wanneer dit beskikbaar is.

**2. Universele reëls by skietoefeninge**
Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.09A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

**3. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele**
Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

**4. Gewere**
Enige tipe geweer of jaghandwapen kan gebruik word.

**5. Kaliber**
**Enige senterslag kaliber kan gebruik word.** Hierdie is 'n toegewing wat geld net vir die UITDAAG Spanskietkompetisie met die doel om deelname aan te moedig. Hierdie tellings word nie erken vir kwalifisering van skietbalkies nie.

Die beperking van 6mm (.243) en groter geld steeds vir die deelname aan die standaard Vlakvark skietoefening vir kwalifisering vir skietbalkies en die registrasie van daardie tellings.

**6. Visiere of teleskope**
Teleskope se vergroting word tot 'n maksimum van **12x** beperk vir die hele skietoefening (9 skote) en mag nie tussen skote en/of oefeninge op groter as 12x vergroting gestel word nie – om bv. te dien as "spotting scope" is nie toelaatbaar nie.


**7. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")**

**7.1** Vanaf **75 meter** word **drie skote** in **60 sekondes** vanuit enige van die volgende drie alternatiewe skietposisies geskiet:
- **7.1.1** **sitposisie** sonder enige bykomende ondersteuning (verwys na item 18.2.1).
- **7.1.2** **vryhand knielposisie** (verwys na item 18.3.1).
- **7.1.3** **staanposisie** met beperkte ondersteuning (verwys na item 18.4.5).

**7.2** Vanaf **50 meter** word **drie skote** in **30 sekondes** geskiet vanuit die **vryhand staanposisie** (verwys na item 18.4.1).

**7.3** Vanaf **25 meter** word **drie snapskiet skote** geskiet vanuit die **vryhand staanposisie** (verwys na item 18.4.1). Op die bevel *"Almal is gereed – sluit die grendel en staan by"* – met die snellervinger langs die snellerbeuel – word die wapens gereedgemaak en in 45 grade posisie na die grond gehou. Wanneer die fluitjie geblaas word of die bevel *"vuur"* mag die skut sy geweer lig en **een skoot** moet binne **5 sekondes** gevuur word. Op die bevel van die baanoffisier word die jagwapens weer oorgehaal en die proses word nog tweekeer herhaal vir 'n totaal van 3 skote met ongeveer 10 sekondes tussen die skote vir oorhaal. By voltooiing van die 3 snapskote moet die skuts verseker dat alle rondtes wat nie in die voorgeskrewe tyd geskiet is nie, verwyder word uit die jagwapen.

**8. Erkenning**
Geen erkenning a.g.v. die minimum kaliber vrystelling – sien item 5.




Teiken werklike grootte: WxH = 1000 x 750mm

| Teiken areas | W x H mm | Area $cm^2$ | vs Hart |
|---|---|---|---|
| Brein | 120 x 108 | 108 | 160% |
| Hart | 87 x 96 | 66 | -- |
| V-hart | 53 dia | 22 | 33 % |
| Sentrale long area | 150 x 170 | 240 | 350% |
| Groter long area | 200 x 220 | 560 | 850% |

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.